

3

DIE SKEPPING

God het alles voorsien wat ons nodig het

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God alles voorsien wat ons nodig het.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- weet dat God alles geskep het.
- leer om die skepping te geniet.
- weet dat hulle die skepping moet oppas.
- weet hoe die skepping vernietig word.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees vir alles wat God geskep het.
- bereid wees om die skepping te bewaar.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- in staat wees om die skepping te waardeer.
- in staat wees om die skepping op te pas.
- God dank dat Hy so 'n wonderlike skepping vir ons gegee het.

MEER INLIGTING (Genesis 1)

Baie jare gelede was daar niks en het daar niks op die aarde gelewe nie. Nie mense, plante of diere nie. God het toe besluit om die aarde te skep. *Skep* beteken dat Hy alles uit niks

gemaak het. In ses dae het Hy iets wonderliks gemaak, die aarde met alles soos ons dit vandag ken.

- Op die eerste dag het God lig en donker gemaak. Die lig het Hy dag genoem en die donker het Hy nag genoem.
- Op die tweede dag het Hy die blou lug bo die aarde gemaak en dit hemel genoem.
- Op die derde dag het Hy die see, riviere en die mere asook die droë land gemaak. Hy het ook die plante laat groei.
- Op die vierde dag het God die son gemaak om in die dag te skyn en die maan en sterre om in die nag te skyn.
- Op die vyfde dag maak God al die visse en die voëls, en op die sesde dag al die diere, insekte en ook die mens.
- Op die sesde dag het God die mens gemaak. Hy het eers die man gemaak en hom Adam genoem, en uit Adam se ribbebeen het Hy vir Adam 'n vrou gemaak en haar Eva genoem.
- Op die sewende dag het God gerus.

God het alles goed en mooi gemaak. Hy was tevrede met die woonplek wat Hy vir ons gemaak het. Die Bybel noem die woonplek *die tuin van Eden*. In die tuin was daar baie vrugtebome en Adam en Eva kon eet net soveel as wat hulle wou, maar van die boom van alle kennis in die middel van die tuin mag hulle nie geëet het nie.

As ons ooit weer wonder waar al die lekker en goeie en mooi goed in die wêreld vandaan kom, moet ons onthou: God het alles spesiaal vir ons gemaak.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Houer vir elke kind, byvoorbeeld 'n polistireenbakkie.
- Watte.
- Saad.
- Water.
- Eetgoedjies en ander piekniekbenodigdhede.

KOM ONS BEGIN

Begin deur Gesang 549 saam te sing of voor te lees en daarna te bid.

*Daar's vissies in die water, kyk hoe swem hul rond;
daar's voëltjies in die lug en daar's diere op die grond;
daar's blomme in die velde, daar's riete in die vlei.
Wie sou dit als gemaak het? Die Here, ja, dis Hy!*

HET HULLE ONTHOU?

- Vind uit vir wie hulle van Daniël in die leeu kuil vertel het.
- Laat 'n paar vertel hoe hulle kan bewys dat hulle lief is vir die Here.
- Kontroleer of hulle die gebed (Gesang 538: 2) gaan leer het:

*O Here, maak ons harte rein,
beskerm, bewaar ons – ons is klein.
Maak ons in liefde sterk en groot,
maak ons getrou tot in die dood.
Amen.*

- Ken hulle die volgende antwoorde?
 - Wat was hierdie man wat in die leeu kuil gegooi is se naam? (*Daniël.*)
 - Hoe lief was hy vir God? (*So lief dat hy eerder sou doodgaan as om ongehoorsaam aan God te wees.*)
 - Hoekom is hy in die leeu kuil gegooi? (*Omdat hy aangehou het om God te aanbid.*)
 - Hoekom het die leeu hom nie doodgebyt nie? (*Engele het die leeu se bekke kom sluit.*)
 - Hoe kan jy wys dat jy net so lief is vir die Here? (*Gesels oor 'n paar voorbeelde van gehoorsaamheid aan God, soos om gereeld kerk toe te gaan, al is jy nie altyd lus nie.*)

BEGIN SO

Gooi 'n kombes op die gras oop. Laat hulle daarop sit, en vra vrae soos die volgende:

- Is dit lekker om op die gras te sit? Hoekom is dit lekker? Wie het die gras gemaak?
- Laat hulle rondkyk en vra dan: Wie kan 'n mooi blommetjie sien? Wat sien julle nog wat mooi is in die natuur? Wie sien eerste 'n goggatjie of insek?
- Gesels met die kinders oor hoe volmaak 'n insek, soos 'n miertjie, geskep is om byvoorbeeld harde werk te kan doen.
- Vra die kinders dan om na 'n boom te kyk en vra hulle: Weet julle hoe kry die boom kos en water uit die grond uit? (*Deur hul wortels.*) Kyk na die takke en blare. Die boom gee skaduwee, soms mooi blommetjies of vrugte. Dis ook 'n plek vir die voëls om in te bly. Laat hulle kyk of daar 'n nessie iewers in die boom is.
- Vra vir hulle wat die natuur vir ons gee om te eet. Haal dan die piekniekkos uit, soos appels en piesangs, melk, tamaties, ensovoorts, en dalk broodjies daarmee saam. Verduidelik dat brood gemaak is van koringsaad wat ook aan 'n plant groei.
- Vra nou waar alles vandaan kom. Wie het dit gemaak?

IETS INTERESSANT

Gebruik die onderstaande en voer 'n gesprek met die kinders.

Voordat God alles gemaak het, of soos ons ook sê, geskep het, was dit pikdonker.

Wat dink julle het God toe eerste geskep? Op die eerste dag het Hy lig geskep. Toe was dit nie meer donker nie. God het gesien dit is goed. Sê vir my, hoekom dink julle het God gesê dit is goed? Hoekom is dit goed vir ons dat daar lig is? (*Sonder lig, kan ons nie sien nie.*)

Op die tweede dag het God die blou lug bokant ons gemaak. Hy het dit *hemel* genoem. God het gesien dit is goed. Hoekom is dit goed vir ons dat daar 'n hemel is? Verduidelik dat die mense

in daardie tyd gedink het dit is 'n vaste dak. En dit is goed om so 'n dak te hê, omdat die son en die maan daaraan kan hang, en omdat die reën vandaar af kan val.

Op die derde dag het God die water en die droë grond geskei. Die droë grond het Hy *land* genoem, en die water het hy *see* genoem. Toe het God plante laat groei op die land, plante soos gras en vrugtebome wat vrugte dra. God het gesien dat dit goed is. Hoekom is dit goed vir ons dat God skeiding gemaak het tussen water en droë grond? (*Ons bly op die droë grond, hier kan plante groei en diere lewe, en visse bly in die water.*)

En hoekom is dit goed dat God plante soos gras en vrugtebome laat groei het? (*Ons kan daarvan eet.*)

Op die vierde dag het God die son, maan en sterre geskep. Die son het in die dag lig gegee, en die maan en sterre het in die nag geskyn. God het gesien dat dit goed is. Hoekom is dit vir ons goed? (*Laat hulle praat oor dinge soos die verskil tussen dag en nag, wat dit vir ons moontlik maak om in die dag te werk en in die nag te rus. Ook die son wat warmte bring, ensovoorts.*)

Op die vyfde dag het God die visse en voëls geskep. God het gesien dit is goed. Hoekom is dit goed? (*Laat hulle gesels oor die voordele van die visse en die voëls, soos byvoorbeeld dat hulle ook kos kan wees vir ons en vir ander diere. Maar dat diere ook die skepping laat voortbestaan, soos aasdiere wat diere eet wat doodgegaan het om die aarde skoon te hou.*)

Op die sesde dag het God diere gemaak. Daarna het Hy ook die mens gemaak, 'n man en 'n vrou. God het gesien ook dit is goed. Hoekom is dit goed vir ons? (*Eerstens omdat ons nie hier sou wees as God nie mense gemaak het nie. Dan sou ons Hom ook nie kon aanbid en vereer nie. Maar ons sou ook nie sy werk kon doen op aarde, soos om lief te wees vir mekaar en mekaar te versorg nie. Net so ook sou ons nie na sy skepping kon kyk as daar nie mense was nie. Praat ook oor die voordele van diere.*)

Op die sewende dag het God gerus. Daardeur leer Hy ons dat ons ook moet rus nadat ons hard gewerk het. Daarom is ons week ook sewe dae lank. Ses dae moet ons hard werk, maar een dag, meestal Sondae, moet ons rus. Rus en kerk toe gaan.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by hulle in:

- God het –
 - op die eerste dag lig geskep;
 - op die tweede dag lug;
 - op die derde dag see, land en plante;
 - op die vierde dag son, maan en sterre;
 - op die vyfde dag visse en voëls;
 - en op die sesde dag diere en mense;
 - en op die sewende dag het Hy gerus.

- God het alles mooi en goed geskep.
- Ons geniet die natuur en kry alles om van te lewe daaruit.
- Dit is sonde as ons die natuur besoedel en verniel.
- Ons pas die natuur op as ons –
 - vullis in die asblik gooi.
 - afvalmateriaal soos papier, bottels, blikkies, ensovoorts, herwin.
 - water en elektrisiteit spaar.
 - diere nie onnodig doodmaak nie.

IETS OM TE DOEN

Gee vir elke kind 'n houer, saad en watte.

- Laat elke kind 'n houer neem en die watte in die houer plaas.
- Laat hulle 'n paar saadjies bo-op strooi, 'n dun kombersie van watte bo-op plaas en dit nat maak.
- Hulle moet dit nat hou en kyk hoe dit binne drie dae uitloop.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat hulle by die huis gaan kyk hoe God die plantjies laat uitloop.
- Laat hulle volgende week die saadjies saambring om vir die klas te wys.
- Vra hulle om by die huis met hul ouers te gesels oor wat hulle kan doen om die skepping te bewaar.
- Laat hulle die prentjie inkleur.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- *Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.* (Genesis 1: 31a)
- God het in ses dae die hemel en die aarde gemaak.
- God het op die sewende dag gerus.
- Ek moet alles in die skepping goed oppas.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.